REMGRO BEPERK

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG

ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2016 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

• **Wesensverdienste per aandeel**	**+25.9%**
• **Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting**	**+4.3%**
• **Tussendividend per aandeel**	**+4.9%**
• **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel soos op 31 Desember 2016**	**R257.79**

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	**31 Desember 2016**	31 Desember 2015 Herstateer	30 Junie 2016 Herstateer
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**6 767**	6 375	6 500
Beleggingseiendomme	**119**	56	107
Ontasbare bates	**4 936**	5 658	4 993
Beleggings - Geëkwiteer	**78 072**	67 014	78 565
- Ander	**3 152**	3 499	3 408
Aftreevoordele	**152**	225	163
Lenings	**616**	1 240	880
Uitgestelde belasting	**40**	35	42
	93 854	84 102	94 658
Bedryfsbates	**22 937**	13 918	14 442
Voorraad	**3 621**	3 210	3 274
Biologiese landboubates	**709**	732	968
Debiteure en korttermynlenings	**5 493**	4 546	5 503
Beleggings in geldmarkfondse	**3 569**	1 119	1 050
Kontant en kontantekwivalente	**9 458**	3 875	3 569
Ander bedryfsbates	**32**	396	49
	22 882	13 878	14 413
Bates gehou vir verkoop	**55**	40	29
Totale bates	**116 791**	98 020	109 100
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde kapitaal	**13 418**	3 605	3 605
Reserwes	**76 171**	77 258	75 456
Tesourie-aandele	**(231)**	(248)	(217)
Aandeelhouersekwiteit	**89 358**	80 615	78 844
Nie-beherende belang	**2 812**	2 945	2 813
Totale ekwiteit	**92 170**	83 560	81 657
Nie-bedryfslaste	**18 935**	5 583	20 821
Aftreevoordele	**182**	231	202
Langtermynlenings	**16 882**	3 672	17 799
Uitgestelde belasting	**1 471**	1 680	1 623
Afgeleide instrumente	**400**	-	1 197
Bedryfslaste	**5 686**	8 877	6 622
Handels- en ander krediteure	**4 671**	4 369	4 833
Korttermynlenings	**826**	4 411	1 660
Ander bedryfslaste	**189**	97	129
Totale ekwiteit en laste	**116 791**	98 020	109 100
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
- Teen boekwaarde	**R157.73**	R156.64	R153.13
- Teen intrinsieke waarde	**R257.79**	R286.96	R306.44

Die geouditeerde 30 Junie 2016 jaarresultate en die ongeouditeerde 31 Desember 2015 tussenresultate is herstateer vanweë 'n verandering in rekeningkundige beleid en die regte-uitgifte. Verwys na "Herstatering van vergelykende syfers" en aantekeninge 1 en 2 onder "Kommentaar".

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2016	31 Desember 2015	30 Junie 2016
R miljoen		Herstateer	Herstateer
Verkope	**14 511**	14 255	27 697
Voorraaduitgawes	**(7 917)**	(8 795)	(16 959)
Personeelkoste	**(2 456)**	(2 225)	(4 578)
Waardevermindering	**(379)**	(353)	(727)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(2 684)**	(2 298)	(5 651)
Handelswins/(-verlies)	**1 075**	584	(218)
Dividendinkomste	**19**	30	77
Rente ontvang	**238**	130	287
Finansieringskoste	**(648)**	(297)	(903)
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	**593**	(3)	(2 556)
Wins met die verkoop en verwatering van beleggings	**3**	234	2 451
Gekonsolideerde wins/(verlies) voor belasting	**1 280**	678	(862)
Belasting	**(118)**	(69)	21
Gekonsolideerde wins/(verlies) na belasting	**1 162**	609	(841)
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	**4 075**	2 864	6 250
Netto wins vir die tydperk	**5 237**	3 473	5 409
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**5 219**	3 334	5 364
Nie-beherende belang	**18**	139	45
	5 237	3 473	5 409
GEËKWITEERDE BELEGGINGS			
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings			
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**5 466**	4 310	8 875
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(308)**	(631)	(809)
Wins met die verkoop van beleggings	**154**	96	216
Ander nie-herhalende en kapitale items	**33**	(79)	(67)
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**5 345**	3 696	8 215
Belasting	**(1 079)**	(778)	(1 709)
Nie-beherende belang	**(191)**	(54)	(256)
	4 075	2 864	6 250

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2016	31 Desember 2015 Herstateer	Jaar geëindig 30 Junie 2016 Herstateer
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**5 219**	3 334	5 364
Plus/(minus):			
- Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**(738)**	(9)	1 862
- Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**145**	12	37
- Waardedaling van ontasbare bates	**-**	-	644
- Waardedaling van bates gehou vir verkoop	**-**	-	7
- (Wins)/verlies met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings	**5**	(82)	(2 349)
- Wins met die verkoop van ander beleggings	**(8)**	(153)	(153)
- Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**-**	-	51
- Netto (wins)/verlies met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(18)**	(18)	10
- Verlies met die verkoop van biologiese landboubates	**-**	9	9
- Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**128**	524	633
- Netto (wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**7**	(90)	(27)
- Wins met die verkoop van beleggings	**(154)**	(96)	(216)
- Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**308**	631	809
- Ander nie-herhalende en kapitale items	**(33)**	79	67
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	**(22)**	1	(92)
- Nie-beherende belang	**(21)**	(2)	(149)
Wesensverdienste	**4 690**	3 616	5 874
Eenmalige koste	**-**	128	788
Opsie hermeting	**(667)**	-	730
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	**4 023**	3 744	7 392

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

Sent	Ses maande geëindig 31 Desember 2016	31 Desember 2015 Herstateer	Jaar geëindig 30 Junie 2016 Herstateer
Wesensverdienste per aandeel			
– Basies	**867.7**	689.4	1 119.6
– Verwater	**863.9**	684.6	1 115.0
Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting			
– Basies	**744.3**	713.8	1 409.0
– Verwater	**740.7**	709.0	1 404.4
Verdienste per aandeel			
– Basies	**965.6**	635.6	1 022.4
– Verwater	**960.8**	630.9	1 018.5
Dividende per aandeel			
Gewoon	**194.00**	185.00	460.00
– Tussen	**194.00**	185.00	185.00
– Finaal	**-**	-	275.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2016	31 Desember 2015	30 Junie 2016
R miljoen		Herstateer	Herstateer
Netto wins vir die tydperk	**5 237**	3 473	5 409
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**(2 976)**	5 476	2 579
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:			
Wisselkoersaanpassings	**(4 570)**	2 175	1 745
Billike waarde aanpassings vir die tydperk	**(117)**	608	534
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**53**	(57)	(112)
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**(9)**	(635)	(951)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**1 801**	3 579	1 652
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:			
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**-**	7	19
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**-**	(2)	(6)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**(134)**	(199)	(302)
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**2 261**	8 949	7 988
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**2 244**	8 811	7 943
Nie-beherende belang	**17**	138	45
	2 261	8 949	7 988

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2016	31 Desember 2015	30 Junie 2016
R miljoen		Herstateer	Herstateer
Saldo aan die begin van die tydperk	**81 657**	75 917	75 917
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**2 261**	8 949	7 988
Dividende betaal	**(1 589)**	(1 377)	(2 358)
Aandele uitgereik	**9 813**	-	-
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	**5**	31	31
Aankoop van tesourie-aandele deur volfiliaal	**(32)**	-	-
Ander bewegings	**7**	30	15
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**48**	10	64
Saldo aan die einde van die tydperk	**92 170**	83 560	81 657

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2016	31 Desember 2015 Herstateer	30 Junie 2016 Herstateer
R miljoen			
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**465**	473	1 413
Belasting betaal	**(120)**	(192)	(328)
Dividende ontvang	**2 509**	2 032	3 547
Finansieringskoste	**(611)**	(325)	(795)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**2 243**	1 988	3 837
Dividende betaal	**(1 589)**	(1 377)	(2 358)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**654**	611	1 479
Beleggingsaktiwiteite*	**(3 569)**	(5 240)	(18 767)
Finansieringsaktiwiteite**	**8 997**	3 572	16 365
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**6 082**	(1 057)	(923)
Wisselkoerswins/(-verlies) op buitelandse kontant	**(231)**	391	222
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**3 128**	3 829	3 829
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**8 979**	3 163	3 128
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**9 458**	3 875	3 569
Oortrokke bankrekening	**(479)**	(712)	(441)

* "Beleggingsaktiwiteite" sluit hoofsaaklik die toename in geldmarkfondse van R2 519 miljoen in, terwyl die vergelykende tydperk 'n belegging in Mediclinic van R4 621 miljoen insluit ten opsigte van 'n Mediclinic regte-uitgifte.

** "Finansieringsaktiwiteite" sluit hoofsaaklik die Remgro regte-uitgifte van R9 813 miljoen in, terwyl die vergelykende tydperk die oorbruggingsfinansiering van R3 500 miljoen insluit wat verkry is om aan bogenoemde Mediclinic regte-uitgifte deel te neem.

ADDISIONELE INLIGTING

	31 Desember 2016	31 Desember 2015 Herstateer	30 Junie 2016 Herstateer
Aantal aandele uitgereik			
- Gewone aandele sonder pariwaarde	**529 217 007**	481 106 370	481 106 370
- Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**39 056 987**	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**568 273 994**	516 612 722	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou			
- Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(1 756 218)**	(1 973 153)	(1 725 393)
	566 517 776	514 639 569	514 887 329
Geweegde aantal aandele	**540 505 301**	524 510 265	524 628 257

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

R miljoen	**31 Desember 2016**	31 Desember 2015 Herstateer	30 Junie 2016 Herstateer
Geëkwiteerde beleggings			
Geassosieerde maatskappye	**72 536**	61 587	73 418
Gesamentlike ondernemings	**5 536**	5 427	5 147
	78 072	67 014	78 565
Geëkwiteerde beleggingsrekonsiliasie			
Drawaarde aan die begin van die tydperk	**78 565**	57 831	57 831
Belang in netto toeskryfbare wins	**4 075**	2 864	6 250
Dividende ontvang	**(2 109)**	(2 027)	(3 900)
Belegging in Mediclinic	**-**	4 621	18 246
Verwateringsuitwerkings	**(6)**	(14)	1 886
Wisselkoersverskille	**(5 372)**	200	(1 274)
Grindrod waardedaling teruggeskryf/(waardedaling)	**724**	-	(1 861)
Bewegings op reserwes	**1 667**	3 380	1 350
Ander bewegings	**528**	159	37
Drawaarde aan die einde van die tydperk	**78 072**	67 014	78 565
Langtermynlenings			
20 000 Klas A 7.7% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**3 513**	-	3 512
10 000 Klas B 8.3% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**4 383**	-	4 382
Omruilbare skuldbriewe, met ‘n effektiewe rentekoers van 4.5%	**5 530**	-	6 380
Verskeie ander lenings	**3 597**	3 679	3 672
	17 023	3 679	17 946
Korttermyn gedeelte van langtermynlenings	**(141)**	(7)	(147)
	16 882	3 672	17 799
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**802**	587	1 295
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge	**1 433**	15 231	1 999
Al Noor-verkryging	**-**	13 656	-
Verskeie ander verpligtinge	**1 433**	1 575	1 999
(Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)			
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	**239**	238	241
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**2 109**	2 027	3 900
Dividende ontvang vanaf geassosieerde geklassifiseer as bate gehou vir verkoop	**-**	149	149
Verwys na die gedeelte oor “Beleggingsaktiwiteite” vir meer inligting oor verwante partytransaksies.			

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Billike waarde hermetings

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde en werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na toepaslike waardasie metodologieë en die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;

Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en

Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	***Vlak 1***	***Vlak 2***	***Vlak 3***	**Totaal**
31 Desember 2016				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	**1 040**	**-**	**2 112**	**3 152**
Afgeleide instrumente	**-**	**2**	**-**	**2**
Beleggings in geldmarkfondse	**3 569**	**-**	**-**	**3 569**
	4 609	**2**	**2 112**	**6 723**
Laste				
Langtermyn afgeleide instrumente	**-**	**400**	**-**	**400**
Korttermyn afgeleide instrumente	**-**	**39**	**54**	**93**
	-	**439**	**54**	**493**
31 Desember 2015				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	1 187	-	2 312	3 499
Afgeleide instrumente	-	395	-	395
Beleggings in geldmarkfondse	1 119	-	-	1 119
	2 306	395	2 312	5 013
Laste				
Korttermyn afgeleide instrumente	-	14	-	14
30 Junie 2016				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	1 260	-	2 148	3 408
Afgeleide instrumente	-	8	-	8
Beleggings in geldmarkfondse	1 050	-	-	1 050
	2 310	8	2 148	4 466
Laste				
Langtermyn afgeleide instrumente	-	1 197	-	1 197
Korttermyn afgeleide instrumente	-	63	54	117
	-	1 260	54	1 314

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Die volgende tabelle toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates vanaf die begin tot die einde van die tydperk:

R miljoen	**31 Desember 2016**	31 Desember 2015	30 Junie 2016
Bates: Beskikbaar vir verkoop			
Saldo's aan die begin van die tydperk	**2 148**	1 591	1 591
Toevoegings	**26**	59	174
Vervreemdings	**(57)**	(29)	(53)
Wisselkoersaanpassings	**(109)**	348	236
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	**104**	343	200
Saldo's aan die einde van die tydperk	**2 112**	2 312	2 148

R miljoen			
Laste: Afgeleide instrumente			
Saldo's aan die begin van die tydperk	**54**	-	-
Toevoegings	**-**	-	54
Saldo's aan die einde van die tydperk	**54**	-	54

Daar was geen oordragte tussen die verskillende vlakke nie.

Vlak 3 finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone), die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R1 551 miljoen, R283 miljoen en R193 miljoen, onderskeidelik. Hierdie beleggings word almal waardeer gegrond op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat op 'n verskeidenheid waardasiemetodes bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum, terwyl ongenoteerde entiteite se metodes verdiskonteerde kontantvloei waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (38%), kontant en kontantekwivalente (4%) en ongenoteerde beleggings (58%). 68% van die ongenoteerde beleggings word teen kosprys waardeer (of die prys waarteen addisionele beleggings gemaak word) aangesien Milestone se bestuur die transaksieprys as die billike waarde van die belegging beskou. Die oorblywende 32% is teen ongeveer R279 miljoen waardeer. KIEF se beleggings is waardeer deur van die verdiskonteerde kontantvloeimetode gebruik te maak. PRIF se hoofbate is die belegging in ETG Groep en dit is gewaardeer deur van toepaslike verdienste- en omsetveelvoude, wat gebaseer is op soortgelyke maatskappye, gebruik te maak ten einde 'n prys-tot-boekwaardasie te bepaal.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n beduidende invloed op Remgro se finansiële state hê nie.

HERSTATERING VAN VERGELYKENDE SYFERS

Verwys na aantekeninge 1 en 2 onder"Kommentaar" vir verdere inligting

Herstatering van vergelykende syfers vir die ses maande geëindig 31 Desember 2015

R miljoen	Vir die tydperk geëindig 31 Des 2015 soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	**Vir die tydperk geëindig 31 Des 2015 Herstateer**
Uitwerking op inkomstestaat			
Waardevermindering	(325)	(28)	**(353)**
Ander netto bedryfsuitgawes	(2 304)	6	**(2 298)**
Belasting	(75)	6	**(69)**
Netto wins vir die tydperk	3 489	(16)	**3 473**
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers (verdienste)	3 342	(8)	**3 334**
Nie-beherende belang	147	(8)	**139**
		(16)	
Uitwerking op wesensverdienste			
Wesensverdienste	3 624	(8)	**3 616**
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	3 752	(8)	**3 744**
Uitwerking op verdienste per aandeel (sent)			
Wesensverdienste	704.4	(15.0)	**689.4**
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	729.2	(15.4)	**713.8**
Verdienste	649.5	(13.9)	**635.6**
Uitwerking op staat van omvattende inkomste			
Nettowins vir die tydperk	3 489	(16)	**3 473**
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	8 965	(16)	**8 949**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers	8 819	(8)	**8 811**
Nie-beherende belang	146	(8)	**138**
		(16)	
Uitwerking op staat van kontantvloei			
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	599	12	**611**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(5 228)	(12)	**(5 240)**

R miljoen	Soos op 31 Des 2015 soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	**Soos op 31 Des 2015 Herstateer**
Uitwerking op staat van finansiële stand			
BATES			
Eiendom, aanleg en toerusting	6 131	244	**6 375**
Nie-bedryfsbates – Biologiese landboubates	458	(458)	**-**
Bedryfsbates – Biologiese landboubates	540	192	**732**
Totale bates	98 042	(22)	**98 020**
LASTE			
Uitgestelde belasting	1 686	(6)	**1 680**
Totale laste	14 466	(6)	**14 460**
EKWITEIT			
Verdeelbare reserwes	47 010	(8)	**47 002**
Nie-beherende belang	2 953	(8)	**2 945**
Totale ekwiteit	83 576	(16)	**83 560**

HERSTATERING VAN VERGELYKENDE SYFERS (vervolg)

Herstatering van vergelykende syfers vir die 2016 finansiële jaar

R miljoen	Vir die jaar geëindig 30 Jun 2016 soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	**Vir die jaar geëindig 30 Jun 2016 Herstateer**
Uitwerking op inkomstestaat			
Waardevermindering	(670)	(57)	**(727)**
Ander netto bedryfsuitgawes	(5 647)	(4)	**(5 651)**
Belasting	4	17	**21**
Netto wins vir die tydperk	5 453	(44)	**5 409**
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers (verdienste)	5 386	(22)	**5 364**
Nie-beherende belang	67	(22)	**45**
		(44)	
Uitwerking op wesensverdienste			
Wesensverdienste	5 887	(13)	**5 874**
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	7 405	(13)	**7 392**
Uitwerking op verdienste per aandeel (sent)			
Wesensverdienste	1 143.9	(24.3)	**1 119.6**
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	1 438.9	(29.9)	**1 409.0**
Verdienste	1 046.6	(24.2)	**1 022.4**
Uitwerking op staat van omvattende inkomste			
Netto wins vir die tydperk	5 453	(44)	**5 409**
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	8 032	(44)	**7 988**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers	7 965	(22)	**7 943**
Nie-beherende belang	67	(22)	**45**
		(44)	
Uitwerking op staat van kontantvloei			
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	1 457	22	**1 479**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(18 745)	(22)	**(18 767)**

R miljoen	Soos op 30 Jun 2016 soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	**Soos op 30 Jun 2016 Herstateer**
Uitwerking op staat van finansiële stand			
BATES			
Eiendom, aanleg en toerusting	6 292	208	**6 500**
Nie-bedryfsbates – Biologiese landboubates	625	(625)	**-**
Bedryfsbates – Biologiese landboubates	612	356	**968**
Totale bates	109 161	(61)	**109 100**
LASTE			
Uitgestelde belasting	1 640	(17)	**1 623**
Totale laste	27 460	(17)	**27 443**
EKWITEIT			
Verdeelbare reserwes	44 324	(22)	**44 302**
Nie-beherende belang	2 835	(22)	**2 813**
Totale ekwiteit	81 701	(44)	**81 657**

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word opgestel ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, en SAICA se Finansiële Rapporteringsriglyne, soos uitgereik deur die Rekenkundige Praktykekomitee, asook Finansiële Uitsprake, soos uitgereik deur die Raad op Finansiële Verslagdoeningstandaarde, in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet (nr 71 van 2008), soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Neville Williams GR(SA) opgestel. Die tussenverslag is nie geouditeer of nagesien nie.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is, met die uitsondering van die implementering van die wysigings aan *IAS 16: Eiendom, Aanleg en Toerusting* en *IAS 41: Landbou*. Hierdie wysigings moet terugwerkend toegepas word en gevolglik is die gerapporteerde resultate van beide vergelykende tydperke wat aangebied word, herstateer. Die herstaterings het betrekking op die herklassifikasie van draplante vanaf biologiese bates na eiendom, aanleg en toerusting, die oordrag van die oorblywende nie-bedryfsbiologiese bates (naamlik die produkte) na bedryfsbiologiese bates en die meting van die geherklassifiseerde bates onder die toepaslike rekeningkundige hantering. Verwys na die gedeelte “Herstatering van vergelykende syfers” vir meer inligting.

In die tydperk onder oorsig het verskeie ander nuwe en hersiene rekeningkundige standaarde in werking getree, maar die implementering daarvan het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke gehad nie.

2. REGTE-UITGIFTE

Gedurende Oktober 2016 het Remgro ‘n regte-uitgifte voltooi ingevolge waarvan 48 110 637 nuwe Remgro gewone aandele en 3 550 635 B-gewone aandele uitgereik is teen ‘n inskrywingsprys van R192.50 per aandeel vir ‘n totale bedrag van R9 944.8 miljoen. Ingevolge *IAS 33*, paragraaf 26, word ‘n aanpassing vir die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele vir vergelykende tydperke vereis aangesien die aandele teen ‘n diskonto teenoor Remgro se aandeelprys op die dag voor die aankondiging (naamlik R243.29 per aandeel) uitgereik is. Gevolglik is die vergelykende geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele met 9 994 195 aandele aangepas om voorsiening te maak vir die geagte verwateringseffek van die regte-uitgifte. Verwys na die gedeelte “Herstatering van vergelykende syfers” vir meer inligting.

3. RESULTATE

Wesensverdienste
Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste met 29.7%, vanaf R3 616 miljoen tot R4 690 miljoen, toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 25.9%, vanaf 689.4 sent tot 867.7 sent, toegeneem het. Die verskil in die toename tussen wesensverdienste en WVPA is toeskryfbaar aan die impak van die regte-uitgifte in die tydperk onder oorsig.

Ingesluit in wesensverdienste vir die vergelykende tydperk is eenmalige transaksiekoste ten bedrae van R128 miljoen (“eenmalige koste”) wat aangegaan is met Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor Hospitals Group plc (Al Noor)-transaksie. Die tydperk onder oorsig het ‘n positiewe billike waarde aanpassing van R667 miljoen ingesluit, wat verband hou met die afname in waarde van skuldbriefhouers se omruilopsie (verantwoord as ‘n afgeleide verpligting) van die skuldbriewe (“opsie hermeting”) wat in Maart 2016 uitgereik is om die buitelandse oorbruggingsfinansiering gedeeltelik te herfinansier wat met die Al Noor-transaksie bekom is. Die skuldbriewe is omruilbaar vir Mediclinic plc-aandele en/of kontant en billike waarde aanpassings op die opsie (wat *inter alia* bewegings in die onderliggende aandeelprys van Mediclinic plc weerspieël) gaan na verwagting onbestendigheid in wesensverdienste gedurende die vyfjaar-termyn daarvan veroorsaak. Met uitsluiting van hierdie items het wesensverdienste met 7.5%, vanaf R3 744 miljoen tot R4 023 miljoen, toegeneem, terwyl WVPA met 4.3%, vanaf 713.8 sent tot 744.3 sent, toegeneem het. Die toename in wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting, is hoofsaaklik die gevolg van hoër bydraes deur die gesondheidsorg- en bankafdeling en KTH, wat gedeeltelik teengewerk is deur laer verdienste van RCL Foods en hoër finansieringskoste.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

	Ses maande geëindig			Jaar geëindig
R miljoen	**31 Des 2016**	*% Verandering*	31 Des 2015 Herstateer	30 Junie 2016 Herstateer
Voedsel, drank en huishoudelike sorg	**945**	*(23.9)*	1 242	1 605
Bankwese	**1 580**	*14.0*	1 386	2 989
Gesondheidsorg	**983**	*24.9*	787	1 952
Versekering	**492**	*8.1*	455	888
Nywerheid	**426**	*8 420.0*	5	517
Infrastruktuur	**15**	*(79.7)*	74	6
Media en sport	**(25)**	*10.7*	(28)	(36)
Ander beleggings	**39**	*25.8*	31	67
Sentrale tesourie				
- finansieringsinkomste	**105**	*36.4*	77	125
- finansieringskoste	**(462)**	*(407.7)*	(91)	(470)
Ander netto korporatiewe koste	**(75)**	*61.3*	(194)	(251)
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	**4 023**	*7.5*	3 744	7 392
Eenmalige koste	**-**	*100.0*	(128)	(788)
Opsie hermeting	**667**	-	-	(730)
Wesensverdienste	**4 690**	*29.7*	3 616	5 874

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning

Voedsel, drank en huishoudelike sorg

Die bydrae van voedsel, drank en huishoudelike sorg tot Remgro se wesensverdienste het R945 miljoen (2015: R1 242 miljoen) bedra, wat ‘n afname van 23.9% verteenwoordig. RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 44.6% tot R318 miljoen (2015: R574 miljoen) afgeneem. In die vergelykende tydperk is RCL Foods se resultate positief beïnvloed deur die vrystelling van R163 miljoen wat vir onsekere belastingdispute as deel van die Foodcorp-verkryging voorsien is. Met uitsluiting van die bostaande, sou RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 29.0% afgeneem het vanaf R448 miljoen. Hierdie afname is hoofsaaklik te wyte aan die laer bydrae deur die hoenderbesigheid wat gedeeltelik teengewerk is deur die sterk vertoning van die suikerbesigheid. Die hoenderbesigheid is geaffekteer deur ‘n massiewe ooraanbod in die plaaslike mark vanweë plaaslike produksie en die storting van ingevoerde hoender, terwyl die suikerbesigheid gebaat het by prysverhogings wat gehelp het om laer volumes teen te werk. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 14.3% tot R263 miljoen (2015: R307 miljoen) afgeneem. Hierdie afname was hoofsaaklik te wyte aan laer belastingtoelaes gevolg deur die voltooiing van vervaardigingsbeleggings sowel as ‘n verswakkende handelsomgewing. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R364 miljoen (2015: R361 miljoen) bedra. Distell se resultate is negatief beïnvloed deur ‘n sterker rand, veral teenoor die Britse pond, sowel as hewige kompetisie en druk op verbruikers.

Bankwese

Die wesensverdienstebydrae van die bankafdeling het R1 580 miljoen (2015: R1 386 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 14.0% is. Beide FirstRand en RMBH het wesensverdienstegroei van 14.0% gerapporteer. Op ‘n genormaliseerde basis, wat sekere nie-bedryfs en rekeningkundige afwykings uitsluit, hoofsaaklik aanpassings ten opsigte van die aandeelgebaseerde betalingverpligting, het FirstRand en RMBH onderskeidelik verdienstegroei van 6.7% en 6.4% gerapporteer. Hierdie toenames was hoofsaaklik as gevolg van groei in beide netto rente- en nie-rente-inkomste vanaf FNB, RMB en WesBank, gedeeltelik teengewerk deur ‘n toename in kredietwaardedalingskoste.

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R983 miljoen (2015: R787 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van Remgro se verhoogde belang in Mediclinic (42.1% tot 44.6%), die insluiting van die resultate van Al Noor en Spire Healthcare Group plc (Spire) en ‘n sterk vertoning in Switserland, asook goeie organiese groei in Suider-Afrika. Die toename is gedeeltelik teengewerk deur die onderprestasie van die Midde-Oosterse besigheid, wat geraak is deur ‘n aantal bedryfs- en regulatoriese

faktore, waaronder die nuwe vereistes ten opsigte van versekeringsbybetalings, doktervakatures en ‘n vertraging in die opening van fasiliteite.

Versekering
RMI Holdings se bydrae tot wesensverdienste het met 8.1% tot R492 miljoen toegeneem. Op ‘n genormaliseerde basis het RMI Holdings ‘n toename van 11.2% in verdienste gerapporteer, met OUTsurance en Discovery wat verdienstegroei van onderskeidelik 24.1% en 2.4% behaal het. Dit is gedeeltelik teengewerk deur laer verdienste van MMI Holdings (laer met 3.8%). ‘n Wesentlike verbetering in die koste-tot-inkomste verhouding het gesorg vir goeie resultate deur OUTsurance, veral by Youi, hoofsaaklik as gevolg van skaalvoordele en koste doeltreffendheid.

Nywerheid
Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R102 miljoen (2015: R51 miljoen) bedra. Ingesluit in die bydrae tot wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig is ongunstige voorraadherwaardasies ten bedrae van R28 miljoen (2015: ongunstige voorraadherwaardasies van R144 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van die onbestendigheid in die Brent ru-olieprys en die randwisselkoers. Uitgesluit dié herwaardasie, het die bydrae met 33.3%, van R195 miljoen tot R130 miljoen, afgeneem, hoofsaaklik vanweë ‘n laer raffineringsmarge en laer volumes. Remgro se deel van KTH se resultate het ‘n wins van R58 miljoen bedra (2015: ‘n verlies van R260 miljoen). In die vergelykende tydperk is KTH se resultate negatief beïnvloed deur ongunstige billike waarde aanpassings wat verband hou met sy beleggings in Exxaro Resources Beperk en MMI Holdings Beperk se voorkeuraandele. Air Products en Wispeco se bydrae tot wesensverdienste het onderskeidelik R151 miljoen en R90 miljoen bedra (2015: R142 miljoen en R54 miljoen), terwyl PGSI R25 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra het (2015: R18 miljoen).

Infrastruktuur
Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R18 miljoen (2015: ‘n wins van R43 miljoen) bedra. Die verlies is hoofsaaklik te wyte aan die voortdurende swak kommoditeitsmarkte en lae droëvrag-verskepingstariewe gedurende die tydperk. Vir die tydperk onder oorsig het die CIV-groep R44 miljoen tot wesensverdienste bygedra (2015: R35 miljoen). Remgro se deel van SEACOM se verlies het R18 miljoen (2015: ‘n verlies van R28 miljoen) bedra.

Media en sport
Media en sport bestaan hoofsaaklik uit die belange in eMedia en verskeie sportbelange, waaronder die belange in rugby-franchises, sowel as die Stellenbosch Academy of Sport. eMedia se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R33 miljoen (2015: R11 miljoen) bedra, hoofsaaklik vanweë hoër advertensie-inkomste weens ‘n verbetering in markaandeel. Die toename is gedeeltelik teengewerk deur hoër besigheidsontwikkelingskoste, asook voortgesette belegging in die multikanaalbesigheid. Ander media- en sportbelange se bydrae tot wesensverdienste het ‘n verlies van R58 miljoen (2015: ‘n verlies van R39 miljoen) bedra.

Ander beleggings
Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R39 miljoen (2015: R31 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R23 miljoen (2015: R21 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste
Finansieringsinkomste het R105 miljoen (2015: R77 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van hoër gemiddelde kontantbalanse as gevolg van Remgro se regte-uitgifte. Finansieringskoste bestaan hoofsaaklik uit rente ten bedrae van R458 miljoen (2015: R91 miljoen) en eenmalige transaksiekoste in die vergelykende tydperk ten bedrae van R128 miljoen, wat verband hou met Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor-transaksie, asook ‘n positiewe billike waarde aanpassing van R667 miljoen in die tydperk onder oorsig, ten opsigte van die afname in waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe. Ander netto korporatiewe koste het R75 miljoen (2015: R194 miljoen) bedra. Die vergelykende tydperk sluit transaksie- en finansieringskoste ten bedrae van R115 miljoen in ten opsigte van Remgro se verkryging van Spire. Hierdie koste is van Mediclinic verhaal, buite wesensverdienste, as deel van die Spire-verkoopsom.

Verdienste
Verdienste het met 56.5% tot R5 219 miljoen (2015: R3 334 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van die positiewe billike waarde aanpassing wat verband hou met die afname in waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe van R667 miljoen, sowel as ‘n terugskryf van waardedaling van die belegging in Grindrod ten bedrae van R724 miljoen.

4. INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 15.9%, vanaf R306.44 op 30 Junie 2016 tot R257.79 op 31 Desember 2016 afgeneem, hoofsaaklik vanweë ‘n 38.7% afname in die markwaarde van die Mediclinic-belegging, asook die verwateringseffek van die regte-uitgifte. Die sluitingsaandeelprys op 31 Desember 2016 was R223.05 (30 Junie 2016: R254.66), wat ‘n diskonto van 13.5% (30 Junie 2016: 16.9%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

5. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH)
Gedurende September 2016 het Remgro ingevolge CIVH se regte-uitgifte vir ‘n bykomende 12 353 aandele ten bedrae van R329.3 miljoen ingeskryf. As gevolg hiervan het Remgro se belang in CIVH marginaal van 50.9% op 30 Junie 2016 tot 51.0% op 31 Desember 2016 toegeneem.

Invenfin Eiendoms Beperk (Invenfin)
Op 27 Julie 2016 het Remgro (deur sy volfiliaal, Invenfin) ‘n belang van 30% ten bedrae van R80.0 miljoen in Dynamic Commodities Eiendoms Beperk (Dynamic Commodities) verkry. Dynamic Commodities is ‘n uitvoergefokusde maatskappy wat hoëgehalte bevrore nageregte, versnapperings en toegevoegde waarde “vars bevrore” vrugte vervaardig.

Gedurende Augustus 2016 het Invenfin ook ‘n belang van 30% ten bedrae van R50.2 miljoen in Joya Brands Eiendoms Beperk, ‘n vervaardiger van lekkergoed, verkry.

Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)
Op 15 Augustus 2016 het PRIF ‘n finale sluiting gehad wat daartoe gelei het dat Remgro ‘n kapitaaluitkering van R14.6 miljoen, asook ‘n inkomste-uitkering van R3.8 miljoen ontvang het. In die tydperk onder oorsig het Remgro ‘n bykomende R5.6 miljoen in PRIF belê, waardeur sy kumulatiewe belegging tot R202.9 miljoen verhoog is. Op 31 Desember 2016 het die oorblywende verpligting teenoor PRIF R447.1 miljoen bedra.

Ander
Ander kleiner beleggings het R152 miljoen bedra.

Gebeure na 31 Desember 2016
Daar was geen wesentlike transaksies sedert 31 Desember 2016 nie.

6. INLIGTING MET BETREKKING TOT ONGENOTEERDE BELEGGINGS

Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever)
Unilever het 'n 31 Desember-jaareinde en sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2016 is ekwiteitsverantwoord in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het in die ses maande onder oorsig met 14.3% tot R263 miljoen (2015: R307 miljoen) afgeneem. Die laer wesensverdienstebydrae was grootliks te wyte aan ‘n hoër effektiewe belastingkoers vanweë laer belastingaftrekkings na die afhandeling van vervaardigingbeleggings, asook die ervaring van ‘n moeilike mededingende omgewing in die verbruikersmark.

Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products)
Air Products het 'n September-jaareinde en sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2016 is by dié van Remgro ingesluit vir die tydperk onder oorsig. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste in dié tydperk het met 6.3% tot R151 miljoen (2015: R142 miljoen) toegeneem.

Omset van Air Products het vir die ses maande geëindig 30 September 2016 met 6.2% tot R1 447 miljoen (2015: R1 363 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins in dieselfde tydperk met 2.3% tot R436 miljoen (2015: R426 miljoen) toegeneem het.

Die tydperk onder oorsig het met moeilike handelsomstandighede en ‘n onderdrukte vraag na die maatskappy se produkte in die meeste besigheidsektore gepaard gegaan.

Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH)
KTH is ‘n vooraanstaande swart beheerde beleggingsmaatskappy met ‘n gediversifiseerde bateportefeulje, wat die volgende sektore insluit: hulpbronne, nywerheid, media, finansiële dienste, gesondheidsorg, eiendom en inligtingstegnologie.

KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R58 miljoen (2015: verlies van R260 miljoen) bedra. Die toename in verdienste was hoofsaaklik weens KTH se netto toeskryfbare aandeel in die positiewe billike waarde-aanpassings ten opsigte van die ekwiteitsbelegging in Exxaro Resources Beperk (R320 miljoen), AECI Beperk (R64 miljoen) en Aveng Beperk (R43 miljoen).

Inkomste uit geëkwiteerde beleggings het tot R57 miljoen (2015: R245 miljoen) afgeneem, hoofsaaklik te wyte aan die verkoop van die belegging in Idwala Holdings Beperk, sowel as beduidend laer bydraes vanaf ander geassosieerdes weens die moeilike makro-ekonomiese omstandighede.

Netto finansieringskoste het R219 miljoen (2015: R209 miljoen) bedra.

Total South Africa Eiendoms Beperk (Total)
Total het 'n Desember-jaareinde, en gevolglik is sy resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2016 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande tot 31 Desember 2016 het R102 miljoen (2015: R51 miljoen) bedra.

Total se omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2016 het met 2.1% toegeneem tot R26 747 miljoen (2014: R26 195 miljoen), hoofsaaklik te danke aan verkope aan ander oliemaatskappye wat deur vervoerstakings gedurende die tydperk onder oorsig geaffekteer is. Daar was nie ‘n toename in die groothandel marge gedurende die tydperk onder oorsig nie.

Die resultate is positief beïnvloed deur kleiner verliese van R156 miljoen (2015: R802 miljoen) in voorraadherwaardasies weens die afname in die gemiddelde basiese brandstofprys gedurende die tydperk onder oorsig.

NATREF (waarin Total 'n belang van 36.4% het) het in die tydperk onder oorsig 'n verswakking in raffineringsmarges ervaar in vergeleke met 2015, te wyte aan die gesamentlike effek van 'n minder gunstige ekonomiese omgewing en ‘n groot beplande sluiting gedurende Oktober en November 2016.

PGSI Beperk (PGSI)
PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande tot 31 Desember 2016 het R25 miljoen (2015: R18 miljoen) bedra. PGSI se omset in die tydperk onder oorsig het van R1 975 miljoen tot R2 105 miljoen toegeneem. Die groep se genormaliseerde bedryfswins, wat die impak van batewaardedalings uitsluit, het van R135 miljoen tot R159 miljoen toegeneem.

Die groep se vernaamste bedryfsfiliaal in Suid-Afrika, PG Group, vervaardig en verskaf glas aan die bou- en motorbedryf. Ten spyte van die moeilike ekonomiese klimaat het die groep redelike groei uit beide industrieë behaal.

Die groep het positiewe groei in die resultate van die bou-afdeling in 2016 getoon wat gedryf is deur ‘n toename in markaandeel in die plaaslike mark asook winsgewende groei in die “Res van Afrika”-markte.

Die groep se motorafdeling het in 2016 ‘n beduidende verbetering teenoor die vorige tydperk se resultate rapporteer. Hierdie sektor was negatief beïnvloed deur die ekonomiese klimaat met druk op verbruikers, laer volume versekeringseise, ‘n swakker vraag in uitvoermarkte en kompetisie vanaf goedkoop ingevoerde produkte. Die groep het gereageer deur ‘n lae prys produk in die na-verkopemark, genaamd Safevue, te bemark. Nuwe plaaslike voertuigverkope het gedurende die afgelope tien maande afgeneem. Dus, alhoewel die groep verwag dat nuwe verskaffingskontrakte met oorspronklike toerustingvervaardigers aangegaan sal word, word daar nie voorsien dat daar beduidende groei in hierdie area sal wees nie.

Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco)
Wispeco se omset vir die ses maande tot 31 Desember 2016 het met 9.2% tot R1 162 miljoen (2015: R1 064 miljoen) toegeneem. Die toename is die gevolg van effense hoër verkoopspryse, asook 'n toename in verkoopsvolumes vir die tydperk. Wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het tot R90 miljoen (2015: R54 miljoen) toegeneem. Verkoopsmarges was hoër as wat verwag is vanweë onbestendigheid in grondstofkoste, alhoewel die situasie onlangs verander het weens die wêreldwye toename van primêre aluminiumpryse.

Wispeco dryf verbetering in produktiwiteit en kostedoeltreffendheid deur kapitaalbeleggings in voorpunttegnologieë te maak ten einde die maatskappy se toekomstige volhoubaarheid en groei te ondersteun. Die PDC-filiaal het voordeel getrek uit die groeiende uitvoere.

Wispeco ondersteun die plaaslike aluminiumfabrikante aktief deur deurlopende produkvernuwing, beste-in-bedryf wagtye en voortdurende belegging in ontwerpsagteware wat deur fabrikante en argitekte gebruik word. Tegniese vermoëns word uitgebrei ten einde meer uitdagende produkte vir die industriële markte (d.i. nie-argitektoniese markte) te vervaardig.

Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIV-groep)
Remgro het 'n effektiewe belang van 51.0% in die CIV-groep, wat in die telekommunikasie- en inligtingstegnologiesektor bedrywig is. Die hoof bedryfsmaatskappy van die groep is Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA), wat optiese veselnetwerke oprig en besit.

Die CIV-groep het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2016 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Die CIV-groep se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R44 miljoen (2015: R35 miljoen) bedra, gedryf deur verhoogde omset en bedryfsresultate van DFA.

DFA se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2015 het met 38.8% tot R734 miljoen (2015: R529 miljoen) toegeneem danksy stewige groei van 29.0% in annuïteitsinkomste. DFA se verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie het in die tydperk onder oorsig met 42.7% tot R495 miljoen toegeneem. Die huidige boekwaarde van die optiese veselnetwerk oorskry R7.4 miljard. DFA het tot dusver daarin geslaag om gesonde annuïteitsinkomste van R101 miljoen per maand te beding, die meeste daarvan via langtermynkontrakte met klante.

DFA besit veselnetwerkringe in Johannesburg, Kaapstad, Durban, Midrand, Centurion en Pretoria. Die netwerk is uitgebrei na 21 kleiner metropolitaanse gebiede, insluitende Oos-Londen, Polokwane, Tlokwe, Emalahleni, George en Pietermaritzburg, om ‘n paar te noem. Op 30 September 2016 was 'n veselnetwerk oor 'n totale afstand van 9 503km (September 2015: 8 839km) voltooi in die belangrikste stedelike gebiede en op langafstandroetes. Vir die tydperk onder oorsig was die netwerk se bedryfstyd 99.9921%.

Die inkomstemodel is buigsaam om by kliënte se behoeftes aan te pas en DFA verkoop óf onvervreembare gebruiksregkontrakte, wat 'n eenmalige voorafbetaling vereis, óf meerjarige kontrakte tot en met 15 jaar op 'n annuïteitsgrondslag. Die toekomstige waarde van huidige annuïteitskontrakte beloop meer as R18 miljard.

SEACOM Capital Beperk (SEACOM)
Remgro het ‘n effektiewe belang van 30% in SEACOM, wat Afrika se grootste internasionale datanetwerk bedryf en wat Suider- en Oos-Afrika met Europa en Asië verbind.

SEACOM het ‘n Desember-jaareinde en sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2016 is by dié van Remgro ingesluit vir die tydperk onder oorsig. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig bedra ‘n verlies van R18 miljoen (2015: verlies van R28 miljoen). Die afname in die verlies is hoofsaaklik weens ‘n verandering in die verwagte bruikbare leeftyd van netwerkbates in 2015 en die gevolglike normalisering van waardevermindering in 2016, wat nie enige uitwerking op bedryfskontantvloei het nie. In 2016 het SEACOM, onder die vaandel van “SEACOM Business”, voortgegaan met sy groeistrategie in die korporatiewe mark.

SEACOM verskaf hoëkapasiteit internasionale dataverbindingsdienste, met lae latentheid, aan kliënte in die vorm van private datatransmissie en openbare IP-gebaseerde dienste. Hierdie dienste word gewoonlik as 12 tot 36 maandlange huurkontrakte verkoop, en as langtermyn onvervreembare gebruiksregkontrakte, wat vooruitbetalings, asook jaarlikse instandhoudingskoste oor die termyn, insluit. Vooruitbetalings ten opsigte van hierdie kontrakte word oor die volle termyn van 15 tot 20 jaar verantwoord.

SEACOM se verkope en inkomste spruit steeds uit sy gevestigde kern van groothandel-diensverskaffers, wat ook die grondslag is vir skaalgrootte netwerke, kostebesparings en diensinnovasie. SEACOM Business verskaf die platform vir toekomstige groei en groter winsgewendheid namate die aantal en grootte van korporatiewe klante toeneem. SEACOM Business het in 2016 meer as 1 000 korporatiewe klante bygekry, wat ‘n gesonde vertrekpunt bied om verkope en inkomste in 2017 te verhoog. Terselfdertyd werk SEACOM saam met vennote om te verseker dat verbindings met korporatiewe klante via optiese veseloplossings geskied, wat voorsiening maak vir toekomstige opgraderings soos data-aanvraag toeneem en “cloud”-gebaseerde IT-oplossings die norm word.

7. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2016 is 1 725 393 Remgro gewone aandele (0.4%) as tesourie-aandele deur ‘n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer, is hierdie aandele gekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskema te verskans.

Gedurende die tydperk onder oorsig is 134 962 Remgro gewone aandele aangewend om Remgro se verpligting na te kom teenoor skema deelnemers wat die regte wat aan hulle toegeken is, uitgeoefen het. Remgro het ook sy regte ten opsigte van tesourie-aandele gehou, gevolg met die voltooiing van sy regte-uitgifte in Oktober 2016 deur vir 165 787 Remgro gewone aandele ten bedrae van R32 miljoen in te skryf.

Op 31 Desember 2016 is 1 756 218 (0.3%) Remgro gewone aandele as tesourie-aandele gehou.

DIREKSIE EN MAATKSAPPYSEKRETARIS

Mev Mariza Lubbe is op 20 September 2016 deur die direksie as uitvoerende direkteur aangestel en haar aanstelling is op 1 Desember 2016 deur die direksie bekragtig. Na Mev Lubbe se aanstelling as direkteur het sy as maatskappysekretaris bedank. Me Danielle Heynes is met effek van die sluit van besigheid op 20 September 2016 in haar plek as maatskappysekretaris aangestel.

Mnr Herman Wessels het as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur op 1 Desember 2016 afgetree.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend Nr. 33
Hiermee word kennis gegee dat 'n bruto tussendividend van 194 sent (2015: 185 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die halfjaar geëindig 31 Desember 2016.

Dividend-terughoubelasting van 20% of 38.8 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 155.2 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir ‘n verlaagde koers ingevolge ‘n toepaslike dubbelbelastingooreenkoms.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandele en 39 056 987 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer	Dinsdag, 18 April 2017
Aandele verhandel ex dividend	Woensdag, 19 April 2017
Rekorddatum	Vrydag, 21 April 2017
Betaaldatum	Maandag, 24 April 2017

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 19 April 2017, en Vrydag, 21 April 2017, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as “onopgeëis” gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
16 Maart 2017

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert *(Voorsitter)*, E de la H Hertzog *(Ondervoorsitter)*,
J Malherbe *(Ondervoorsitter)*, S E N De Bruyn Sebotsa*, G T Ferreira*,
P K Harris*, N P Mageza*, P J Moleketi*, M Morobe*,
F Robertson*
(**Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure
J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
W E Bührmann, M Lubbe, N J Williams

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
D I Heynes

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Millenniapark, Stellentialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services Eiendoms Beperk,
Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank (’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf
www.remgro.com

BYLAAG A

SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

	Ses maande geëindig	
	31 Desember 2016	31 Desember 2015
R miljoen		Herstateer
Voedsel, drank en huishoudelike sorg		
Unilever	**263**	307
Distell[1]	**364**	361
RCL Foods	**318**	574
Bankwese		
RMBH	**1 115**	979
FirstRand	**465**	407
Gesondheidsorg		
Mediclinic	**983**	787
Versekering		
RMI Holdings	**492**	455
Nywerheid		
Air Products	**151**	142
KTH	**58**	(260)
Total	**102**	51
PGSI	**25**	18
Wispeco	**90**	54
Infrastruktuur		
Grindrod	**(18)**	43
CIV groep	**44**	35
SEACOM	**(18)**	(28)
Ander infrastruktuurbelange	**7**	24
Media en sport		
eMedia	**33**	11
Ander media- en sportbelange	**(58)**	(39)
Ander beleggings	**39**	31
Sentrale tesourie		
Finansieringsinkomste	**105**	77
Finansieringskoste[2]	**205**	(219)
Ander netto korporatiewe koste	**(75)**	(194)
Wesensverdienste	**4 690**	3 616
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**540.5**	524.5
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**867.7**	689.4

Aantekeninge

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Finansieringskoste sluit die positiewe opsie hermeting (R667 miljoen) vir die tydperk onder oorsig in en die eenmalige koste (R128 miljoen) in die vergelykende tydperk.

BYLAAG B

SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

R miljoen	31 Desember 2016 Boekwaarde	31 Desember 2016 Intrinsieke waarde	30 Junie 2016 Boekwaarde Herstateer	30 Junie 2016 Intrinsieke waarde
Voedsel, drank en huishoudelike sorg				
Unilever	**3 542**	**10 232**	3 589	10 650
Distell[1]	**3 484**	**9 782**	3 500	10 723
RCL Foods	**7 446**	**8 477**	7 272	9 278
Bankwese				
RMBH	**13 481**	**26 391**	13 132	22 356
FirstRand	**4 796**	**11 688**	4 652	9 857
Gesondheidsorg				
Mediclinic	**31 869**	**42 690**	33 629	69 691
Versekering				
RMI Holdings	**7 050**	**17 897**	7 157	18 526
Nywerheid				
Air Products	**959**	**4 445**	933	4 241
KTH	**1 754**	**2 576**	1 631	2 723
Total	**1 598**	**1 956**	1 575	1 879
PGSI	**732**	**681**	734	734
Wispeco	**792**	**1 138**	702	1 055
Infrastruktuur				
Grindrod	**2 329**	**2 329**	1 986	1 986
CIV groep	**2 250**	**3 895**	1 871	3 166
SEACOM	**406**	**1 050**	655	1 043
Ander infrastruktuurbelange	**483**	**483**	540	540
Media en sport				
eMedia	**1 142**	**1 573**	1 116	1 342
Ander media- en sportbelange	**341**	**341**	328	328
Ander beleggings	**3 886**	**3 869**	3 737	3 717
Sentrale tesourie				
Kontant by die kern[2]	**12 293**	**12 293**	3 778	3 778
Skuld by die kern	**(13 826)**	**(13 826)**	(16 452)	(16 452)
Ander netto korporatiewe bates	**2 551**	**2 909**	2 779	3 149
Netto batewaarde (NBW)	**89 358**	**152 869**	78 844	164 310
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[3]		**(6 828)**		(6 526)
NBW na belasting	**89 358**	**146 041**	78 844	157 784
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**566.5**	**566.5**	514.9	514.9
NBW na belasting per aandeel (Rand)	**157.73**	**257.79**	153.13	306.44
Remgro aandeelprys (Rand)		**223.05**		254.66
Persentasie diskonto tot NBW		**13.5**		16.9

Aantekeninge

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods en Wispeco).
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar vir verkoop" is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.
4. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.